Maandag **30 Desember**

**Skrifgedeelte: Handelinge 9:17-22 (AFR53)**

**Fokusgedeelte: Handelinge 9:20**

**Reageer op die inhoud van jou geloof met dankbaarheid**

In sy ongeloof het Paulus teen Christus gewerk. Hy was in wese ’n vervolger van Christus en sy kerk, soos ons dit in Handelinge 9:4 lees.

Wanneer hy tot geloof kom, is die gevolg daarvan drasties anders. Ons lees dat Paulus met die Gees vervul word, gedoop word, fisies deur voedsel versterk word, en dan (vs 20) DADELIK Christus in die sinagoges begin verkondig.

Hy verkondig dat Christus die Seun van God is, en soos vers 22 dit leer, bewys hy dat Jesus die Christus is. Daardeur bring hy die Jode in verwarring omdat hulle weet dat Paulus in Jerusalem mense uitgeroei het wat Jesus Christus aangeroep het.

Maar deur Christus geroep en deur die Heilige Gees in die geloof oortuig, kan hy nie anders as om self sy Naam aan te roep dit te verkondig aan die wêreld nie. Hy kan nie anders as om dadelik te reageer op die geloof nie.

Terwyl ons nie almal in die amp geroep is om predikante te wees nie, is ons almal geroep om in die reaksie op die geloof die Here Jesus Christus te verkondig as die Seun van God, die gekruisigde wat ons van die sonde bevry het en van die dood gered het.

Ons verkondig Hom as die Gesalfde, die verwagte Christus wat God se verbond kom vervul soos die gelowiges van die Ou Testament Hom ook verwag het. Ons verkondig Hom oral waar ons kom.

Paulus leer ons dat ’n ware gelowige met groot ywer moet reageer op die inhoud van sy geloof, en dit is met dankbaarheid. Ons reageer daarop, want dit bring vir ons groot vreugde om te weet ons is gered.

Omdat ons glo, verkondig ons die Here.

*Sing: Psalm 138-1:1, 2*

*Ds. HFR (Riekert) Pelser (Kemptonpark)*